## GESKIEDENIS IN OOS-DUITSLAND[1]

In 1966 het die regering van die Duitse Demokratiese Republiek (Oos-Duitsland) 'n werk gepubliseer oor die oorsprong, doel en metode van geskiedenis wat ook tegelykertyd 'n geskiedsbeskouing van die Duitse Demokratiese Republiek (D.D.R.) weergee. Hierdie werk, *Einführung in das Studium der Geschichte,* word beskou as geheel en al gesaghebbend vir die historikus, geskiedenisonderwyser, politikus en alle ander persone wat hulle met die geskiedenis in Oos-Duitsland bemoei. Vier en veertig skrywers, onder redaksie van Walther Eckermann en Hubert Mohr, het hieraan gewerk.[2]

Oos-Duitsland is sekerlik die tragiese realiteit van 'n verdeelde Duitsland. Die Oos-Duitser probeer steeds Duitser bly, maar die staat dwing hom deur die toepassing van 'n ideologie om heel anders te besin oor sy Duits-wees. Naas die feit dat hy Duitser is, moet hy ook sosialistiese Duitser word in teenstelling met die „imperialistiese en fascistiese" Duitsers van die Bondsrepubliek. Sosialisme binne die nuwe arbeider- en boerestaat wat in 1949 onder Wilhelm Pieck tot stand gekom het, word nou, om 'n Duitse uitdrukking te gebruik, „entgültig der höchste Ziel".

Binne hierdie gemeenskap tref 'n mens 'n paar omlynde groepe aan, te wete:

1. Die voormalige Nazi wat nog stilswyend en in die agtergrond vasklou aan die vergange ideale van die Derde Ryk.
2. Die ou Duitser uit die keisertydperk wat nog verknog is aan die tradisies van die gewese Hohenzollernmonargie.
3. Die „nuwe" Duitser, wat óf voor 1918 óf daarna, en ongeag Hitler se verbod, aan die K.P.D. (Kommunistische Partei Deutschlands) bly behoort het, totdat hulle in 1945 deur Sowjet-Rusland van „fascisme" bevry is. Hier dink 'n mens aan name soos Ernst Thälmann, Walter Ulbricht, Wilhelm Pieck, Rosa Luxemburg, e.a.

Na 1949 het laasgenoemde groep die regering van Oos-Duitsland oorgeneem en, benewens hul ideaal om 'n „vrye demokrasie" op sosialistiese grondslag daar te stel, het hulle dit noodsaaklik geag om aan die Duitser 'n nuwe begrip van sy verlede te gee — 'n begrip wat dienaar word van 'n vooropgesette wêreldbeskoulike ideologie, nl. die Marxisme-Leninnisme. 'n Nuwe soort geskiedenis moes geskep word om die Duitser

1. In 1967 het skrywer hiervan die D.D.R. besoek onderwyl hy besig was met die Honoreskursus in geskiedenis en ontvang van wyle dr. T. S. van Rooyen die opdrag om te probeer vasstel wat die posisie van geskiedenis in Oos-Duitsland toentertyd was. Hierdie artikel is in breë trekke die resultaat van die ondersoek, maar ook 'n poging om sommige van die kerngedagtes van Eckermann en Mohr weer te gee. Toe skrywer in 1969 weer die D.D.R. besoek het, was die werk van Eckermann en Mohr nog steeds die gesaghebbende gids by die studie van die geskiedenis in Oos-Duitsland.
2. VEB Deutscher Verlag der Wissenschaften, Berlyn, 1966. 522 pp.

in staat te stel om die utopiese eindpunt, nl. 'n kommunistiese heilstaat, te bereik.

*Die Begrip „Geskiedenis" in Oos-Duitsland*

Die begrippe „geskiedenis" en „ideologie" is, sover dit Oos-Duitsland betref, feitlik onskeibaar. Geskiedenis word 'n ideologie en andersom word die ideologie geskiedenis.

Geskiedenis word gesien as 'n proses wat hom binne die grense van tyd en ruimte voltrek. Voorts beskryf hulle die begrip geskiedenis nog ruimer, soos volg: „Die Geschichte ist der einheitliche und gesetzmässige Prosesz der Entwicklung des Menschen und seiner gesellschaftlichen Verhältnisse innerhalb bestimmter räumlicher und zeitlicher Grenzen. Ihre Grundlage ist die steigende Beherrschung der Natur, die Entwicklung der Produktivkräfte der Gesellschaft. Sie ist damit zugleich die Geschichte der Entwicklung der physischen, moralischen und intellektuellen u.a. Fähigkeiten der Menschen durch ihre eigene schöpferische Tat".[3]

Geskiedenis is hiervolgens 'n wetmatige proses van menslike ontwikkeling wat beteken 'n voortdurende en meer doeltreffende beheer oor die menslike omgewing. So 'n visie lei eventueel tot 'n toestand waarin die mens sy wêreld volkome beheer en bemeester. Die hoogtepunt van hierdie visie mond uit in die utopiese kommunisme as eindpunt van die geskiedenis.[4] Naas hierdie Marxistiese-Leninistiese visie op die geskiedenis word geen ander visie geduld nie.

Die beoefenaar van die geskiedenis hou hom besig om sosialistiese kenmerke in die verlede te soek en na vore te bring en dan hierdie tendense so te vertolk dat dit by die sosialistiese wêreldbeskouing inpas. Vir hulle bestaan daar gladnie die ideaal van „weltanschaulische Neutralität" nie. Sodoende dryf hulle 'n subjektiwiteit tot 'n subjektiwisme.

Dit kan gesê word dat die historikus in Oos-Duitsland nie voldoen aan die eise van die geskiedenismetodiek nie, nl. 'n soeke na die waarheid, want „geskiedenis" word vervang deur „sosialisme" en dit noem hulle wêreldbeskoulike neutraliteit! Met ander woorde, 'n aktiewe bydrae van die kant van die historikus om die geskiedenismateriaal met sy eie wêreldbeskouing te vervleg, is vir hulle 'n voorwaarde vir objektiwiteit.

Waar die Westerse wêreld historici soos Niebuhr en Von Ranke vereer as die vaders van die wetenskaplike geskiedskrywing, word Marx en Lenin die vaders van die wetenskaplike geskiedenis vir die sosialistiese historikus. Die geskiedenis kry, volgens dié historici, dan ook eers sy objektiewe beslag as laasgenoemdes op die toneel verskyn: „Die marxistische Geschichtswissenschaft lässt sich bewusst von der Theorie des Marxismus-Leninismus, insbesondere vom dialektischen und historischen

3. Eckermann, W. en Mohr, H., *Einführung in das Studium der Geschichte*, p. 30.
4. *Ibid.*, p. 37.

Materialismus leiten, der ihre weltanschaulich — methodologische Grundlage ist. Die marxistische Geschichtswissenschaft betrachtet sich als einen Bestandteil der sosialistischen Ideologie und erkennt auch für ihre Entwicklung die führende Rolle der marxistisch-leninistischen Partei der Arbeiterklasse an".[5]

Vanuit die basis van die Marxisties-Leninisties geskiedsvisie word geskiedenis verklaar en vertolk en die sosialistiese historikus se begrip „geskiedenis" sentreer om die klassestryd soos vertolk uit begenoemde standpunt en visie.

Voorts redeneer hulle dat die Marxisties-Leninistiese beskouing geen dwang of sensorskap op die skryf van geskiedenis uitoefen nie, maar dat hierdie visie juis voorwaarde is vir „wetenskap". Die geskiedenis is dus slegs wetenskap indien dit strook met die argumente van Marx en Lenin. Beskouinge wat buite hierdie kader val, reduseer die geskiedenis tot ydele spekulasie en daarom kan dié soort geskiedenis nooit op wetenskaplikheid aanspraak maak nie.

Geskiedenis word slegs bestudeer terwille van die pragmatiese waarde daarvan en die hoofdoel met die geskiedenis in Oos-Duitsland is dan ongetwyfeld „die Schaffung des neuen Menschen der sosialistischen Gesellschaft".

## *Geskiedenis op Skool*

### 1. *Die doel van geskiedenis-onderrig*

In die Sowjet-Unie word die doel van geskiedsonderrig aldus omlyn: „To create 'Soviet citizen patriots' endowed with the Communist world outlook which regards the rest of the world as inferior, duped by bourgeois democracy, and owing to the inevitable evolution of capitalism, ever-predatory in international affairs, but happily on the point of collapse."[6] In Oos-Duitsland is die doel dieselfde: „Ziel des Geschichtsunterrichts ist es, den Schülern ein wissenschaftlich exaktes Geschichtsbild zu vermitteln, durch das sie zur ständigen Parteinahme für den gesellschaftlichen Fortschritt, zu überzeugten Patrioten und Kommunisten erzogen werden."[7]

Deur aan die geskiedenis so 'n pragmatiese doel te gee, kry die studie daarvan 'n ander ideaal wat buite die geskiedenismateriaal geleë is. Die materiaal moet so gerangskik word dat die skolier na bestudering daarvan nie anders kan as om te erken dat die Kommunisme die utopiese eindpunt van die geskiedenisproses is nie.

'n Onderwyser het die doel van geskiedenis op skool soos volg gestel: Geskiedenis moet 'n morele sedeles leer. Die onderwyser moet

5. *Ibid.*, p. 43.
6. Burston, W. H., *Soviet History Teaching* in „History", vol. XXXIX, Feb en Junie, 1954 Nr. 135-136, p. 86.
7. Ecke .ann en Mohr, p. 89.

uit die verlede na vore bring dít wat aan die leerlinge kan toon wat móés plaasgevind het en dit wat nie moes plaasgevind het nie. Die leerlinge moet veral uit die verlede leer dít wat die sosialisme bevorder. Objektiwiteit is na sy mening belaglik, want dan leer die geskiedenis niks nie.[8]

Geskiedenis is 'n verpligte skoolvak vanaf die vyfde standerd tot skooleindeksamen.

2. *Die leerstof*

In sy diepste wese, sien die Oos-Duitser, ook die Sosialis, homself vandag nog as Westerling en is sy historiese begrip nog steeds westers georiënteerd, ten spyte van die feit dat hulle meer aandag wy aan Oosterse geskiedenis as wat die geval is in ander westerse lande.

Daar sal nou gepoog word om die leerstof wat op skool aangebied word krities te bespreek.

In die vyfde standerd (min of meer gelykstaande aan ons st. 6) val die leerstof soos volg uiteen:

1. Geskiedenis van die oergemeenskap. In hierdie hoofstuk word daar aandag geskenk aan die ewolusionêre ontstaan van die mens vanaf Cro-Magnon tot Homo-Sapiens. Sy leefwyse en gebruiksvoorwerpe word uitvoerig beskryf en behandel.

2. Geskiedenis van Egipte, Mesopotamië, Sumerië en Babilonië. Klem word veral gelê op die ontstaan van slawerny, die mishandeling van slawe en die rol wat priesters in hierdie verband gespeel het.[9]

3. Geskiedenis van Griekeland. Weer eens word die klem op slawerny gelê. Die instelling van die Olimpiese spele word egter ietwat meer positief behandel en 'n mens kry die gevoel dat daar hiervoor waardering is.

4. Geskiedenis van Indië en China voor die Christelike jaartelling.

In die sesde klas behels die leerplan die volgende:

Geskiedenis van die Romeinse Ryk; die Germane en hul bevrydingsoorloë teen die Romeine; die ondergang van die Wes-Romeinse Ryk; die Frankiese Ryk; Duitsland in die Middeleeue; geskiedenis van die Arabiese volkere en die kruistogte; Humanisme en Renaissance en die uitwerking daarvan op Duitsland en geografiese ontdekkings en die begin van koloniale verowerings.

Enkele bladsye word gewy aan die leerstellinge van Jesus en die klem word veral gelê op die aspek dat ook slawe in Hom verlossing kon vind. Die woorde van Jesus, „Gee aan die keiser wat die keiser toekom en aan God wat God toekom" word so vertolk dat dit 'n geheel

8. Onderhoud gevoer met 'n onderwyser aan die Erweiterte Oberschule, Königs-Wusterhausen naby Berlyn.
9. *Lehrbuch für Geschichte der 5. Klasse der Oberschule*, pp. 47-48.

ander betekenis kry nl. dat die biskoppe slawerny hiermee sou kon goedkeur![10]

Die ontstaan van feudalisme geniet besondere aandag en dit moet dien as voorbeeld van menslike onderdrukking en verslawing van die boerestand. Met die Renaissance en Humanisme word daar in twee bladsye volstaan. Dit is baie oppervlakkig.

In die agste klas word die volgende leerstof aangebied:[11]

1. Begin van die arbeidersbeweging. Karl Marx en Friedrich Engels tot en met die verskyning van die *Kommunistiese Manifes.*
2. Die Rewolusies van 1848/1849.
3. Die ontwikkeling van kapitalisme tot 1870.
4. Ontwikkeling van die arbeidersbeweging vanaf 1850 tot 1870.
5. Die unifikasie van Duitsland deur „Eisen und Blut".
6. Die Paryse Kommune.
7. Duitsland na 1871.
8. Verdere geskiedenis van die sosialisme tot en met die „tweede internasionale".
9. Die oorgang van kapitalisme na imperialisme.
10. Die rewolusionêre swaartepunt word na Rusland verskuif.
11. Die imperialisme verskerp die oorlogsgevaar.
12. Die Eerste Wêreldoorlog.

Twee temas word in die agste klas naas mekaar behandel, nl. die ontstaan van sosialisme in sy moderne vorm wat hulle terugvind in die Engelse Chartiste-beweging, en wat duur tot en met die eerste opstand in Rusland in 1905. Die tweede tema is die oorgang van kapitalisme na imperialisme wat sy hoogtepunt bereik in 1914.

Die *Kommunistiese Manifes* van Marx word die „Geburtsurkunde des wissenschaftlichen Sozialismus" genoem.[12] Hulle erken egter dat die aanvanklike doel van Marx en Engels ietwat van 'n droom was en daarom word hulle genoem „utopische Sozialisten".[13]

In die hoofstuk wat handel oor die ontwikkeling van kapitalisme tot 1870, word die burgeroorlog in die V.S.A. in agt bladsye behandel. Die klem val grootliks op die posisie van die negerslawe.

Op elke bladsy word die kapitalisme en imperialisme aangeval en niks en niemand word gespaar nie. Oor Duitsland se verowering van Suidwes-Afrika sê hulle die volgende: „Die Negerstämme, die sich gegen die Unterjochung und Ausplünderung ihrer Heimat aufblehnten, wurden durch deutsches Militär unterdrückt. Die deutschen Kapitalisten gingen

10. *Lehrbuch für Geschichte der 6. Klasse der Oberschule,* p. 69.
11. Skrywer kon ongelukkig nie daarin slaag om die handboekie of leergang van die sewende klas ter insae te kry nie.
12. *Lehrbuch für Geschichte der 8. Klasse der Oberschule,* p. 21.
13. *Ibid.*

dabei genauso räuberisch und grausam vor wie die englischen und französischen".[14]

Die Eerste Wêreldoorlog is die werk van die kapitaliste en imperialiste en die probleem word eenvoudig gestel: geld. Daar word geensins verwys na faktore soos nasionalisme en die ingewikkelde verdragstelsel as oorsake vir die oorlog nie.

In die negende klas val die klem op die geskiedenis van Rusland en Duitsland tussen die jare 1917 en 1939. 'n Hoofstuk word ook gewy aan die geskiedenis van China in hierdie tyd. Die Oktoberrewolusie in Rusland word as die „Grosse Sozialistische Oktoberrevolution"[15] betitel. Hierdie rewolusie het geslaag omdat, „Sie bestätigte in glänzender Weise die Erkentnisse des Marxismus-Leninismus. Der Grundsatz revolutionären Proletariats bewahrheitete sich! Vom Marxismus-Leninismus lernen, heisst siegen lernen!"[16]

Hierdie rewolusie word ook 'n keerpunt in die menslike geskiedenis genoem, want „Zum ersten Male in der Geschichte errichteten die arbeitenden Menschen ihre eigene politische Macht, die Diktatur des Proletariats"[17]. Hierdie rewolusie het aan die mens vir die eerste keer in die geskiedenis vryheid gegee en die moontlikheid om 'n gelukkige en kleurryke kultuur op te bou![18]

Die groot sosialistiese rewolusie is vir hulle een van die belangrikste gebeure in die geskiedenis. As 'n mens daaraan dink dat Rusland nie die Renaissance of Hervorming beleef het nie, en ook nie tot dieselfde mate beïnvloed was nie deur die Franse Rewolusie as ander Wes-Europese lande soos o.a. Duitsland, dan is dit sekerlik vir Rusland die grootste gebeurtenis in sy geskiedenis. Maar om dit te stel as 'n „Wendepunkt in der Geschichte" is om dit te kleur met propaganda van die eerste rang.

In hul behandeling van die rewolusie in Duitsland in 1918 word die geboorte van die Kommunistiese Party in hierdie land as die belangrikste gebeurtenis beskou en mense soos Hermann Duncker, Fritz Heckert, Karl Liebknecht, Rosa Luxemburg, Wilhelm Pieck e.a. geniet die meeste aandag.

In die tiende klas behandel die skoliere die geskiedenis van die Tweede Wêreldoorlog asook die opkoms van die D.D.R. na die oorlog. Aandag word gewy aan Rusland se posisie tydens die oorlog. Daar word in etlike bladsye verwys na die geskiedenis van ander Wes-Europese state en die klem val op Wes-Duitsland. Die leerstof word onder die volgende hoofde aangebied:

1. Die Tweede Wêreldoorlog tussen die jare 1939-1941.
2. Die Tweede Wêreldoorlog tussen die jare 1941-1945. Die groot vaderlandse stryd van die Sowjet-Unie en die oorwinning oor die Fascisme.

---

14. *Ibid.*, p. 117.
15. *Lehrbuch für Geschichte der 9. Klasse der Oberschule*, [illegible]
16. *Ibid.*, p. 38.
17. *Ibid.*, p. 39.
18. *Ibid.*

3. Betekenis van die oorlog.
4. Rusland tussen die jare 1945-1949.
5. Die ontstaan van „demokrasie" in Pole, Tsjeggo-Slowakye, Boelgarye, Roemenië, Hongarye en Albanië.
6. Geskiedenis van Duitsland, 1945-1949.
7. Rusland, 1959-1960.
8. Geskiedenis van die sosialisme in China, Indië, en Latyns-Amerika ná 1949.
9. Geskiedenis van die „imperialistiese" lande na die oorlog, t.w. Groot-Brittanje, Frankryk, die V.S.A. en Italië.
10. Die D.D.R., 1949-1958.
11. Die stryd van die Duitse volk teen die Wes-Duitse imperialisme en militarisme.
12. Die sosialistiese sege in die Duitse Demokratiese Republiek.
13. Die stryd van die nasies om vrede, demokrasie en sosialisme.

Hoekom het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek? Weer eens 'n maklike antwoord: „Er war vielmehr, wie auch schon der erste Weltkrieg, das gesetzmässige Ergebnis der ungleichmässigen Entwicklung des Kapitalismus im Stadium des Imperialismus und der Sändigen Verschärfung der Widersprüche des kapitalistischen Systems".[19]

Nie net wou Hitler sy oostelike bure onderwerp nie, hy wou ook die hele Asië, Afrika en die Nabye-Ooste vir Duitsland verower![20] Die Nie-aanvalsverdrag met Rusland in 1939 word vertolk as 'n selfverdedigingsmaatreël aan die kant van die enigste en eerste sosialistiese staat wat ten alle koste behou moes word.[21] Die Russiese inval in Pole word as 'n daad van selfverdediging beskou en verder ook as barmhartigheidsdiens, want hoe kon Rusland toesien dat die Pole onderdruk word?

Die grootste gedeelte van die hoofstuk oor die Tweede Wêreldoorlog word egter gewy aan die stryd wat die Kommunistiese Party in Duitsland (K.P.D.) ondergronds moes voer. Hierdie Kommuniste, soos Heinz Kapelle, Ernst Thälmann, Hans en Sophie Scholl, Walter Ulbricht en talle ander word die nasionale helde van die oorlog. Slegs foto's word geplaas waar Amerikaanse of Engelse vliegtuie besig is met 'n bomaanval op een of ander Duitse stad, maar dit word nooit vermeld dat die Russe feitlik die hele Berlyn verwoes het nie. Die Russiese inval in Duitsland in 1945 was 'n „Befreiungskrieg".

Hoewel Groot-Brittanje en die V.S.A. gehelp het om Hitler se Duitsland te verwoes, was Rusland tog die eintlike held want „Die Hauptlast des Kriegestrug die sosialistische Sowjetunion", en „Die Völker Europas feierten die Sowjetunion als die Befreierin von der faschistischen Barbarei".[22]

19. *Lehrbuch für Geschichte der 10. Klasse der Oberschule*, p. 3.
20. *Ibid.*, p. 4.
21. *Ibid.*, p. 6.
22. *Ibid.*, p. 84.

'n Verdere voorbeeld hiervan is die houding teenoor Wes-Duitsland na die stigting van die Bondsrepubliek in 1949. Die posisie van Wes-Duitsland word so opgesom: „Der Westzonenstaat war und ist kein Staat des Deutschen Volkes sondern das Machtinstrument der deutschen Monopolherren und Junker".[23] Dit is wel waar dat die Bondsrepubliek nie die Duitse Demokratiese Republiek as staat erken nie, maar hulle sal toegee dat dit wel 'n staat is wat gewil was deur 'n gedeelte van die Duitse volk. Nou word die vraag gestel: as die Bondsrepubliek die werk van die separatis, Adenauer, en sy C.D.U. (Christelike Demokratiese Unie) is, hoekom moes die C.D.U. eers na 20 jaar plek maak vir 'n ander party?[24]

Konkluderend kan daar dwarsdeur die hele leergang en aangebode leerstof één sentrale tema opgemerk word, nl. die klaslose samelewing aan die begin, die ontstaan van klasse en die verval daarvan wat uitloop op die klaslose heilstaat van die Kommunisme.[25] Hierdie liniêre visie is reeds deur Marx en Lenin geformuleer en dit is nou besig om in vervulling te gaan. Daarom sluit die handboek vir die tiende klas dan ook af met die woorde: „Dem Sozialismus-Kommunismus gehört die Zukunft".[26]

Is geskiedenis nog geskiedenis of word dit daar die dienaar van 'n ideologie?

*Geskiedenis op Universiteit*

Geskiedenis as universiteitsvak word veral aan die volgende universiteite gedoseer, die Alexander von Humboldt-universiteit (Berlyn) die Karl Marxuniversiteit (Leipzig), die Martin Luther-universiteit (Halle-Wittenberg) en die Friedrich Schiller-universiteit (Jena).

Vir alle universiteite en ander hoëre opvoedkundige inrigtings wat geskiedenis doseer, geld die geskiedenisleerplan wat in 1965 deur die departement vir volksopvoeding opgestel is.[27]

Die hersiening van die leerstof, wat moontlik gemaak is deur hierdie wet, stel hom 'n beter wetenskaplike en politieke opleiding van die student ten doel.[28] Dit word onomwonde gestel dat daar 'n pragmatiese doel is met die studie van geskiedenis. Die kursus word veral aangebied aan voornemende onderwysers wat geskiedenis op skool gaan doseer. Die kursus duur vier jaar en word in drie stadia ingedeel nl.:

1. Grondslae van die geskiedeniswetenskap (2 semesters).
2. Algemene geskiedenisonderrig (6 semesters).

23. *Ibid.*, p. 174.
24. *Ibid.*, p. 3 en pp. 174-175.
25. Vgl. Burston, p. 76.
26. *Lehrbuch für Geschichte der 10. Klasse*, p. 375.
27. Eckermann en Mohr, p. 17.
28. *Ibid.*

3. Intensiewe geskiedenisonderrig (8 semesters).

Die stof wat behandel word in die kursus val in drie temas uiteen:

(a) Die voor-kapitalistiese gemeenskap: Geskiedenis van die oer-gemeenskap, antieke geskiedenis, algemene en Duitse geskiedenis van die Feudalisme tot en met die begin van die vroeë kapitalistiese tydperk.

(b) Die kapitalistiese gemeenskap en die geskiedenis van die arbeidersbeweging voor die groot sosialistiese Oktoberrewolusie: algemene en Duitse geskiedenis vanaf die oorgang van feudalisme tot kapitalisme; algemene Russiese en Duitse geskiedenis tydens die kapitalistiese gemeenskap en die arbeidersbeweging tot 1917.

(c) Die oorgang van kapitalisme na sosialisme, die opkoms en ontwikkeling van die sosialisme en kommunisme as wêreldbeskoulike sisteme; algemene Russiese en Duitse geskiedenis tot in die hede, die verval van die kapitalistiese wêreldsisteem en die opkoms van die sosialistiese wêreldsisteem. Duitse geskiedenis in die hede.

Studente wat geskiedenis as hoofvak neem, studeer in hulle finale jaar filosofie, metodiek en historiografie. Dosente maak veral gebruik van die seminaarmetode by die onderrig van hul vak. Sulke seminaargroepe bestaan uit 25 tot 30 studente wat 'n voorsitter kies om die onderskeie seminaarbesprekings te reël. Die hoofdoel van die seminaargroep is, „die Förderung der wissenschaftlichen Ausbildung und der sozialistischen Erziehung aller Mitglieder des Kollektivs auf der Grundlage voller Selbsttätigkeit und Eigenverantwortlichkeit".[29] Die doel van selfstudie aan die universiteit is om die student die kritiese apparaat van sy vak te leer hanteer, maar ook om die onwetenskaplike imperialisties-militaristiese ideologie te ontmasker en te bekamp.[30]

Wat die metodiek van geskiedenis betref, die volgende: Heuristiek en hermeneutiek vorm ook hier die basis vir geskiedenisnavorsing en wat by ons as hulp- en leenwetenskappe van die geskiedenis dien, geld ook by hulle. Daar word ook voldoen aan feitlik alle ander metodologiese eise, soos inwendige en uitwendige bronnekritiek, maar dan moet onthou word dat die geskiedenis eers ná die formulering van die Marxisme 'n wetenskap geword het, en dat dit vóór hierdie formulering slegs enkele elemente van 'n wetenskap bevat het.[31] Metodiek wat dus nie beoefen word binne raamwerk van die Marxisme nie, reduseer die geskiedskrywing tot ydele spekulasie en algehele subjektiwisme.

### *Geskiedenis en Propaganda*

Geskiedenis word ryklik as propagandamiddel aangewend ter verwesenliking van die eerste sosialistiese Duitse staat. Op feitlik alle terreine van die samelewing moet die geskiedenis help om die nuwe wêreldsisteem inslag te laat vind. Sodoende word die historiese totaliteit verontagsaam.

29. Eckermann en Mohr, p. 20.
30. *Ibid.*, pp. 17-21.
31. *Ibid.*, p. 71.

Die groot helde uit die Duitse verlede soos Karl die Grote, Frederik die Grote en Bismarck moet plek maak vir Nikolai Lenin, Otto Grotewohl en Ernst Thälmann. Martin Luther word vereer, nie vanweë sy opstand teen die Roomse pousdom nie, maar vanweë sy aandeel aan die boere-opstand wat hulle vertolk as 'n poging om die klassestryd uit die weg te ruim. Die feit dat Duitsland in 1871 'n eenheidstaat geword het, is 'n geringe gebeurtenis in vergelyking met die sosialistiese rewolusies van 1918 en die ondergrondse stryd van die K.P.D. tussen die jare 1918 en 1945.

Publieke feesdae met historiese inslag, moet dien as „versterkmiddele" met die uitvoering van 'n ideologie. Die grootste dag van die jaar is sekerlik die herdenking van die „groot sosialistiese Oktoberrewolusie". Op hierdie dag, 'n openbare vakansiedag, word die groot dade van die Kommunisme besing. Tydens sodanige feesdae word op feitlik alle groot geboue die Russiese vlag gehys en groot slagspreuke soos, „Wer in Freundschaft met der UDSSR ist, heisst Sieger", word op alle groot geboue aangebring.[32]

Een feit tree algaande op die voorgrond, nl. dat geskiedenis in Oos-Duitsland geen einddoel in sigself het nie, maar dit verkry slegs 'n einddoel binne die patroon van 'n ideologie. Wêreldgeskiedenis word gesien in die lig van die Marxisties-materialistiese ideologie. Kapitalisme en imperialisme is die teenoorgestelde van vrede en demokrasie en moet uitgewis word. Walter Ulbricht vat dit so saam in 'n nuwejaarsboodskap: „Es ist unbestreitbar dass Deutschland als imperialistischer Staat keine Zumunft hat. Deutschland kann erst wieder stehen wenn sich Westdeutschland von der Bindung an die U.S.A. Imperialisten und deren barbarischen Globalstrategie befreit".[33]

Die twee Duitslande mag slegs onder 'n sosialistiese regering weer verenig. Die skandmuur van Berlyn is gebou nie om Duitser van Duitser te skei nie, maar slegs om die imperialisme van Wes-Duitsland uit te sluit!

D. W. van der Merwe.

32. Skrywer het die D.D.R. twee keer besoek: In 1967, kort na die vyftigjarige herdenking van die Oktoberrewolusie, en in 1969, kort voor die twintigste verjaarsdag van die D.D.R. Beide kere was die groot stede soos Berlyn, Dresden, Leipzig en Rostock oorlaai met pro-Russiese propaganda.
35. *Berliner Zeitung,* 1.1.1968.